Elektroniese uitreik van vervoerpermitte van wildevarkvleis of karkasse

Hierdie fasiliteit is gratis beskikbaar aan enige opbetaalde lid van SA Jagters wat 'n grondeienaar is wat sy plaas/plase wil registreer vir die doel om permitte vir die vervoer van wildevark vleis of karkasse te mag uitreik volgens die Wet op Dieresiektes (Wet No 35 van 1984). Só 'n permit is 'n vereiste wanneer wildevarkvleis of karkasse vervoer word deur of vanaf Limpopo, Gauteng, Mpumalanga, Noordwes of gedeeltes van KwaZulu/Natal.

Om u plaas te registreer vir magtiging verg slegs twee stappe en is 'n vereiste voor u enige permit sal kan uitreik. U benodig slegs opbetaalde lidmaatskap van SA Jagters, 'n rekenaar, drukker en toegang tot die internet.

Indien u nog nooit op u persoonlike profiel op SA Jagters se webwerf ingeteken het nie voltooi asseblief stappe **A** en **B**. Indien u vantevore ingeteken het en U wagwoord ken, begin by stap **B**. As u reeds vantevore ingeteken het maar u het wagwoord vergeet, volg stappe **A** en **B**. Indien u u lidnommer vergeet het of u ledegeld is agterstallig, skakel SA Jagters se hoofkantoor by 012 808 9300 voordat u probeer om u plaas te registreer vir die gebruik van hierdie stelsel.

A: Indien u nog nooit ingeteken het op u aanlynprofiel nie of u wagwoord vergeet het, volg die volgende stappe

- Op u soekenjin (bv. Google, Firefox, Internet Explorer ens.) tik in SAJWV of sahunters.co.za Op die hoofblad van SA Jagters selekteer aan die regterkant die tweede blokkie (Lede Admin).
- U kan ook https://secure.sahunters.co.za insleutel op u soekenjin (Google ens.) om u direk by Lede Admin uit te bring.
- U sal die volgende venster kry



- Sleutel u SA Jagters lidnommer in by *Member No.*
- Indien u vir die eerste keer inteken, sleutel weer u SA Jagters lidnommer in by *Password*
- Klik op *Login*.
- Indien u die wagwoord vergeet het klik op *Request new Password.*

Die stelsel sal u nou deurskakel na die volgende aksie (venster).



- Voltooi die CAPTCHA deur al die karakters of nommers wat u op u eie rekenaar sien in te sleutel (bogenoemde 4943 is slegs 'n voorbeeld) by *Type the text* van links na regs en sonder spasies.
- Sleutel u lidnommer in by *Member No.*
- Kies of u die wagwoord wil ontvang via e-pos of sms deur op betrokke sirkel te klik.
- Sleutel dan na gelang van u keuse u e-pos adres of u selfoonnommer in by die gepaste spasie.

U wagwoord sal dan per SMS of per e-pos aan u gestuur word.

B: Volg die volgende stappe as u al voorheen ingeteken het of nadat u dan die wagwoord (password) per e-pos of SMS ontvang het

Stap 1: Voorsien die nodige inligting om u plaas te lys.

- Skakel aanlyn in op u persoonlike profiel in die SA Jagters ledeprofielstelsel.
- Selekteer die *Transport Permit* opsie aan die linkerkant van die bladsy.
- Die stelsel sal u na die volgende venster neem:
- Klik op die *Add farm* skakel regs onder op die venster soos in die voorbeeld hieronder.



- Die stelsel sal u na die volgende venster neem:



- Maak seker dat u (die grondeienaar) persoonlike inligting korrek is. Indien verkeerd korrigeer dit by die *Personal Information* opsie.
- Sleutel u plaas se besonderhede in soos verlang.
    - Plaas se naam
    - Plaas se registrasienommer
    - Telefoonnommer
    - Fisiese adres en poskode (nie posbus nie)
- Sleutel u eiendom se GPS koördinate in (3 maklike opsies word genoem om dit te verkry).
- Selekteer die regte provinsie, distrik, munisipale gebied en staatsveeartsgebied wat van toepassing is op die eiendom (distrik sal eers beskikbaar word na die provinsie ingesleutel is en die munisipale gebied eers na distrik ingesleutel is). Die moontlike alternatiewe vir die distrik, munisipale gebied en staatsveeartsgebied sal outomaties verskaf soos u op die lys afgaan en die inligting voltooi. Kies net die korrekte een.
- Klik op die *Update* skakel regs onder.

Nadat u die bogenoemde stappe voltooi het, sal u plaas outomaties op die stelsel gelaai word.

Wanneer u eiendom soos hierbo beskryf op die stelsel gelaai is sal dit as "*Pending*" gelys word en is dan onderhewig aan goedkeuring vanaf Hoofkantoor. U kan bestaande inligting verandering deur op die *Modify* skakel te klik. Hierdie stap voeg die plaas weer op die *Pending* lys wat onderhewig is aan goedkeuring. Permitte kan nie deur plase uitgereik word wat slegs *Pending* status het en nog nie goedgekeur is nie.

Stap 2: Stuur die getekende magtigingsvorm terug aan Hoofkantoor

- Klik op die *Print authorization form* skakel, regs van die gelyste *Pending* plaas. (vorm slegs beskikbaar vir plase in *Pending* status).
- Maak seker dat u al die nodige inligting korrek verskaf.
- Dui aan in die relevante blokkie of u wil deelneem aan die varkpesnavorsingsprojek deur die Fakulteit Veeartsenykunde aan UP.
- Druk die vorm uit en gaan vergewis u van al die vereistes wat die Wet stel vir die uitreik van permitte.
- Onderteken die dokument en stuur dit terug aan die verantwoordelike persoon by hoofkantoor per faks na 086 572 7487, of, skandeer die ondertekende dokument en stuur dit terug na hoofkantoor per e-pos na boetiek@sahunt.co.za

  Hoofkantoor sal die aansoek oorweeg en indien alle data korrek voltooi is en u ledegeld opbetaal is, sal die plaas se status na *Active* verander word. U sal dan ’n SMS ontvang dat u plaas suksesvol geregistreer is om permitte te mag uitreik.

  Onthou dat indien u meer as een plaas besit wat dalk nie aanliggend is nie u meerdere plase in verskillende gebiede kan en moet registreer om vir elke plaas afsonderlik permitte te kan uitreik.

  U kan nou voortgaan om permitte uit te reik vir elkeen van die betrokke plase wat u geregistreer het. Hierdie magtiging sal slegs geldig bly vir solank u lidmaatskap ten volle opbetaal is. Indien u lidmaatskap van SA Jagters verval of agterstallig raak sal die stelsel u outomaties toegang weier en sal u nie enige permitte kan uitreik nie. U kan u lidmaatskap dan hernu deur dit aanlyn te betaal via SA Jagters se webwerf, of elektronies oorbetaal. U kan dit ook persoonlik by SA Jagters Hoofkantoor kom betaal.

Uitreik van ’n permit aan ‘’n vervoerder (jagter) om wildevarkvleis te vervoer

- Nadat u plaas geregistreer is, volg dieselfde stappe om by SA Jagters se lede administrasiestelsel uit te kom.
- Klik op die *Issue permits* opsie.
- Klik op die betrokke plaas (as u slegs een plaas geregistreer het sal dit outomaties gekies word).
- Klik op die *New permit* opsie.
- Die stelsel sal u na die volgende venster neem.



- Sleutel die vervoerder/jagter se inligting in wat teenwoordig moet wees wanneer die permit geskep word. Indien hy/sy ’n SA Jagters lid is, kan die stelsel sy persoonlike inligting verskaf deur bloot sy lidnommer en wagwoord in die toepaslike ruimte in te sleutel en dan op die *Retrieve personal info* skakel te klik. Indien hy nie ’n SA Jagters lid is nie moet al die inligting self ingesleutel word.
- Selekteer die S*pecie* van die karkas of vleis (vlakvarke, bosvarke, wilde gewone varke en wilde Europese bosvarke) in en tik die bestemming van die vleis in. Begin by provinsie en dan sal die distrik, munisipale gebied en staatsveearts opsies outomaties verskaf word. Kies slegs een opsie.
- Die grondeienaar en vervoerder/jagter moet die vereiste verklaring elektronies onderteken deur die aangewese blokkies te merk voor dit uitgereik mag word. Indien u enigeen van die twee blokkies nie merk nie sal die stelsel nie u permit druk nie. Dit is ’n vereiste van die Departement van Landbou.
- Klik op die *Issue Permit* skakel om die permit uit te reik.
- Wanneer die permit uitgereik is sal die stelsel ’n permitnommer elektronies toeken.
- Druk dan twee kopieë van die uitgereikte permit.

- Die plaaseienaar of bestuurder en die vervoerder (jagter) moet beide kopieë van die permit teken.
- Die vervoerder kry een getekende permit om saam te neem wat hom/haar magtig om die vleis te vervoer.
- Die grondeienaar moet een getekende permit vir minstens 5 jaar veilig bewaar. (Soos vereis deur die Departement van Landbou)
- Uitgereikte permitte word gelys onder die betrokke plaas en kan gedruk (of herdruk) word, deur op die *Print/Reprint* skakel te klik soos op die voorbeeld in die venster hieronder.



Varkpes Navorsingsprojek

SA Jagters het met die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Veeartsenykunde ooreengekom om lede te versoek om deel te neem aan ‘n navorsingsprojek oor die verspreiding van Afrikaanse Varkpes buite die tradisionele verspreidingsgebied van vlakvarke en bosvarke. Dit is algemeen bekend dat vlakvarke en bosvarke (wat draers van die virus is) nou reeds baie ver buite die ou bepaalde verspreidingsgebied voorkom in omgewings waar daar voorheen geen vlakvarke of bosvarke was nie.

Elke plaaseienaar wat sy plaas registreer om vervoerpermitte vir wildevarkvleis te mag uitreik, word vriendelik versoek om aan die projek deel te neem, selfs al val u plaas buite die bestaande varkpesbeheerde gebied.

Die werk verbonde aan die projek is baie eenvoudig en gebruikersvriendelik. Dit behels slegs die neem van bloedmonsters van gejagte vlakvarke, bosvarke, wilde gewone varke en wilde Europese bosvarke. Doop net ’n stukkie filtreerpapier in die bloed, laat dit droog word en plaas dit in sakkies wat verskaf sal word, verseël die sakkie en stuur terug aan SA Jagters se hoofkantoor.

Op die vorm wat u elektronies moet voltooi om u plaas te registreer om permitte uit te reik, is ’n blokkie waarin u kan aandui of u aan die projek wil deelneem. Indien u aandui om deel te neem, sal u ’n koevert met die nodige instruksies en materiaal ontvang. Voltooi die vorm van UP wat in die koevert ingesluit is en stuur dit saam met die eerste monsters terug aan SA Jagters se hoofkantoor om aan die projek deel te neem. Hiermee kan u ’n baie belangrike bydrae lewer om die verspreiding van varkpes te moniteer en vas te stel of die natuurlike verspreidingsgebied waar Afrika-varkpes wel voorkom oor verloop van tyd uitgebrei het.

Die beskrywing van die projek soos deur UP verskaf, volg hierna en verskaf al die nodige inligting sodat u kan besluit of u wil deelneem aan die navorsingsprojek deur die nodige bloedmonsters op die voorgeskrewe wyse te verskaf.